

Geliefde Piet se verlies tref ons ook

Dit is met onbeskryflike skok en leedwese dat ons hoor van Piet Grobler, oud-Stellenbosser en wêreldbekende kunstenaar se groot verlies. Gister het ek Carolyn Frost by die Blue Orange, nie ver van waar Piet-hulle se studio-galery Hoi Hannelore was nie, ontmoet en toe ek haar die nuus meedeel het die fyn haartjies op haar arms sigbaar orent gestaan. Dít verbeeld die impak van hierdie tragiese nuus treffend – hoe ‘n skok dit is om te verneem wat gebeur het met Piet, wat met sy aangename, toeganklike geaardheid al diep in Bolanders se harte gekruip het, soos ook oral waar hy gaan die geval is. En Piet die mens is vir baie net so groots en geliefd as Piet die illustreerder van (o.a.) ongeveer 60 kinderboeke. *Bolander* wil dus namens al ons lesers ons innige simpatie uitspreek. Teen hierdie tyd is die omstandighede van die motorongeluk reeds bekend waarin Piet en sy broer Diek (ook ‘n uitstaande illustreerder en skrywer) beseer is en Piet se vrou Marietjie, alombekend as Griet, asook hulle tienjarige dogter Catherina oorlede is. Dié omstandighede, wel ver hiervandaan (naby O.R. Tambo lughawe in Gauteng) herinner my aan die dag toe ek en my vrou Charlene vir Piet by sy studio gaan kuier het – die onderhoud is in die volgende week se *Bolander* gepubliseer, op die agterblad onder die titel: “Warm sjokolade by Piet se Hannelore” (11 Junie 2008). Op die dag van die besoek het dit liggies gereën en Piet het vir ons warm sjokolade bestel by die restaurant net langs sy werkplek. Hierdie warm gebaar, letterlik en figuurlik is tiperend van hierdie man; altyd bereid om te luister, te help en medemenslikheid te versprei, al is hy ook hóé besig. Maar terwyl ons daar gesit en praat het oor Piet se werk, het die telefoon gelui. Dit was Marietjie. Sy wou weet of Piet veilig is. “Hoe-kom?” Het hy gevra. “Daar was ‘n motorkaping op die pad naby Kanonkop” het sy gesê. Ek en Charlene het toevallig daardie pad na Stellenbosch gery en besef hoe gelukkig ons was dat dit nie ons was wat gejaag is nie. Ek het vir Piet gesê ek wil een van sy oorspronklike illustrasies koop en sal oor ‘n week weer kom. Dit was egter eers etlike weke later dat ons daar kon uitkom, en toe was daar ‘n vreemde man wat besig was om die voorraad te verkoop. “Nee, Piet-hulle is Engeland toe – hy gaan by Cambridge doseer.” Blykbaar, het die man gesê, is die besluit geneem weens die misdaad in die land. En toe, vier jaar later is die dood weer op die pad, hoewel in ‘n ander gedaante. En wat kan mens sê? Werklik niks wat toereikend genoeg is nie, seker niks wat ‘n verskil kan maak nie. Behalwe dat ons Piet beterskap in liggaam en gees toewens. Mag die warmte wat jy altyd uitstraal ook van ander na nou jou terugkom in jou tyd van beproewing.